

SOLVO 360 CS

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

Lotnummer
Datum van vervaardiging

SOLVO 360 CS

HERBICIDE



Reg. No. L10382, Act/Wet No. 36 of/van 1947

1: 05/12/2017

A capsule suspension herbicide for the control of annual grasses and certain broadleaf weeds in the crops as indicated.

'n Kapsule-suspensie onkruidodder vir die beheer van eenjarige grasse en sekere breëblaaronkruid in gewasse soos aangedui.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	F3	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEEL		
Clomazone (isoxazolidinone)	360 g/l	Klomasoon (isoksasolidinon)

Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
 Reg. No. 2000/010819/07
 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

20l



UN Number: 3082





HARMFUL / SKADELIK



WARNINGS

Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:

Soybeans.....88 days

- Handle with care.
- Harmful to fish and other aquatic organisms.
- Irritating to eyes.
- Toxic and harmful if inhaled.
- Store in the original, tightly closed container under lock and key in a cool, dry, well-ventilated area away from food, seed and fertilizers.
- Keep out of reach of children, animals and uninformed people.
- **Flammable:** Keep away from heat, sparks or open flames.
- **Harmful:** May cause lung damage if swallowed.
- Comply with the instructions for use in order to avoid risks to man and the environment.
- Do not spray over, or allow any spray drift to contaminate, water and adjacent areas.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area within 1 day after treatment, unless wearing protective clothing.
- **SOLVO 360 CS** has been tested on the most important commercial cultivars. More susceptible cultivars may be released in the future which need to be tested; for this, apply **SOLVO 360 CS** to a limited test area before commercial applications are made.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not contaminate surface water or ditches with any chemicals or used containers.
- Do not inhale vapor or spray mist.
- Avoid skin, eye or clothing contact with the concentrate or spray mixture.
- Wear suitable protective clothing (impermeable gloves, overalls, and eye / face protection, hat or cap as well as solid footwear) while handling this product.
- Wash with soap and water directly after use.
- Do not smoke, eat or drink whilst handling this product or before washing hands and face and changing clothes.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water as well as eating utensils.
- Thoroughly wash protective equipment and contaminated clothing after use.
- **Container disposal:** Invert the empty container over the spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. Rinse the empty container **three times** with a volume of water equal to a minimum of a third of the container volume. Add rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner. Destroy empty containers by perforating and flattening before disposal by an approved chemical waste disposal facility or at a licensed landfill site according to local regulations. If recycling, replace cap and take containers to the designated recycling point. Do NOT contaminate rivers by disposal. Open burning or dumping of the empty container and its contents are prohibited.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
- Clean all equipment thoroughly following use and dispose of the wash water where it will not pollute the environment or contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Destroy the empty container by perforation and flattening and dispose of it in a safe way in accordance with local regulations. Do not use it for any other purpose.
- In case of poisoning, call a doctor and show this label to them.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Symptoms of overexposure to the active ingredient may include loss of motor co-ordination, lacrimation, bloody tears, oral and nasal discharge, bloody nose, irregular breathing, salivation, hair loss and bulging eyes.

FIRST AID TREATMENT

Have the product container, label or Safety Data Sheet with you when calling a poison control center, physician or when going for treatment.

Eyes: Flush eyes with plenty of clean water for at least 20 minutes while holding the eyelid/s open. Remove contact lenses if present. **Seek medical assistance immediately.**

Skin: Remove all contaminated clothing immediately. Wash with plenty of soap and water. Seek medical assistance if irritation occurs and persists. Wash contaminated clothing before re-use.

Ingestion: Do not induce vomiting. Never give anything by mouth to an unconscious person. If the patient is fully conscious and able, rinse the mouth out with plenty of water and give the patient water to drink. If vomiting occurs, keep the patients head below their hip in order to prevent aspiration. **Seek medical assistance immediately and show this container or label.**

Inhalation: Remove the patient to fresh air and keep him / her calm, reassured and at rest. If breathing is difficult, irregular or has stopped, administer artificial respiration. **Seek medical assistance.**

NOTE TO PHYSICIAN

No specific antidote is available, treat symptomatically and supportively.

USE RESTRICTIONS

- Phytotoxic symptoms may occur as seedlings do not always undergo a period of wilting after transplantation.
- Temporary yellowing of the sand leaves of the tobacco plants may occur.
- Phytotoxic symptoms are unlikely, but may occur on adjacent crops, trees and shrubs due to spray drift or the volatility of the product. In order to prevent spray drift, use the appropriate nozzle size designed to deliver the desired spray volume at the lowest spray pressure, do not spray when the wind speed exceeds 15 km/h, do not mount spray booms too high and, do not apply **SOLVO 360 CS** within 300 m of non-target crops or neighbouring shrubbery. In order to prevent possible volatilization, monitor temperature, humidity and soil moisture.
- Soil covered with organic material (e.g. stubble) or other structures (such as stones) that may intercept the spray droplets, will result in sub-optimal weed control.
- Do not apply **SOLVO 360 CS** under cold conditions, or where soils are saturated with excessive moisture.
- Ensure adequate soil moisture.
- Do not contaminate any water body such as dams, rivers, boreholes etc.

In order to avoid injury to subsequent crops, the following re-cropping intervals should be observed:

Crop	Months
Cabbage, Cucurbits, Oats, Onions and Peas	6
Maize, Sweetcorn, Wheat and grass lays	9

Note: The above-mentioned waiting periods will only be valid if the correct quantity of **SOLVO 360 CS** has been applied according to the label application recommendations. **A test planting is always recommended.**

A deep soil cultivation prior to planting will reduce the potential risk of carry-over to the follow-on crop.

- Do not apply to any crop or situation not mentioned in this label.

- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **SOLVO 360 CS** is a group code F3 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **SOLVO 360 CS** and other Group Code F3 herbicides. These resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **SOLVO 360 CS** or any other Group Code F3 herbicides.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide Group Code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide Group Codes.
- The choice of products to be used during one growing season should take the resistance strategy into consideration.
- This crop and resistance management strategy should always include sequences with herbicides of alternative modes of action.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.
- Maintain herbicide use records for each field.
- Prevent the movement of resistant weed seeds and vegetation to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and by planting clean seed.
- When grazing, start with lands with the lowest weed resistance before moving to lands with a high resistance as the animals may spread the seed.
- Inspect all lands annually in order to identify the development of resistance from an early stage.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and, therefore, neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses as a result of **SOLVO 360 CS** not controlling resistant weeds. Do not apply **SOLVO 360 CS** alone in situations where weed resistance has been confirmed. Sub-standard application of **SOLVO 360 CS** may lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance. It is of the utmost importance to inspect treated areas at regular intervals in order to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously.

MODE OF ACTION

SOLVO 360 CS is a selective herbicide that is absorbed by the roots and shoots and then translocated upwards. Susceptible weed species that emerge are devoid of pigmentation. Clomazone acts by inhibiting chlorophyll and carotenoid biosynthesis and is effective against annual grasses and certain broadleaf weeds.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

COMPATIBILITY

The compatibility of **SOLVO 360 CS** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not mix **SOLVO 360 CS** with any products not listed on this label. **SOLVO 360 CS** is compatible with **ICHIBAN 100 EW** and **ZENIT**.

Consult a Meridian Agritech representative for details.

MIXING AND APPLICATION INSTRUCTIONS

SOLVO 360 CS can be applied by means of any suitable medium to high volume applicator, provided that it is fitted with an efficient agitation system, it is able to apply the spray mixture evenly over the target area and it is calibrated correctly. Ensure thorough coverage of the target area by using not less than 200 ℓ spray mixture per ha.

Half-fill the spray tank with suitable water. Add the required quantity of **SOLVO 360 CS** to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume with water while agitating. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Do not use brackish water. Application equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

Ensure constant and thorough agitation during mixing and spray operations.

SOLVO 360 CS has very limited contact activity, and should be applied before the crops or weeds have emerged.

RECOMMENDATIONS

CROP	CLAY %	APPLICATION RATE / ha	REMARKS
Soya beans	11 – 20	1.5 ℓ - 2.0 ℓ SOLVO 360 CS	Apply at planting, or within 3 days of planting onto a well-prepared seedbed that is fine, firm, even and without excessive plant rests.
	> 20	1.5 ℓ - 2.7 ℓ SOLVO 360 CS	
Tobacco	-	1.5 ℓ - 3.33 ℓ SOLVO 360 CS	Apply immediately after transplanting tobacco seedlings while the plants are still in a wilted condition. Ensure that the seedbed is fine, even, firm and without excessive plant rests. Do not apply straight over the tobacco plants. Instead, carry out a directed spray.

WEEDS NORMALLY CONTROLLED

SOLVO 360 CS at 1.5 ℓ / ha

Scientific name	Common name
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Eleusine coracana</i>	Goose grass
<i>Schkuhria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Tagetes minuta</i>	Khaki weed

SOLVO 360 CS at 2.0 ℓ / ha

All of the above weeds as well as:

Scientific name	Common name
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot

<i>Digitaria sanguinalis</i>	Large crab finger grass
<i>Echinochloa colona</i>	Marsh grass
<i>Physalis angulata</i>	Wild gooseberry

SOLVO 360 CS at 3.3 ℓ / ha

All of the above weeds as well as:

Scientific name	Common name
<i>Portulaca oleracea</i>	Common purslane
<i>Tribulus terrestris</i>	Devil thorn

The recommended **SOLVO 360 CS** treatments control the above-mentioned weed species. Other weed species that were not present in the development trials of this product may also be controlled to a certain degree. The registration holder accepts no responsibility for unlisted weeds.

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS

Ichiban 100 EW (L. 9248)
Zenit (L. 9073)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste behandeling en oes of vir gebruik as voedsel of voer:

Sojabone.....88 dae

- Hanteer versigtig.
- Skadelik vir visse en ander waterorganismes.
- Mag oë irriteer.
- Giftig en skadelik indien ingeasem.
- Bêre in die oorspronklike, digsluitende houers agter slot-en-grendel in 'n koel, droë, goed geventileerde plek, weg van voedsel, voer, saad en kunsmis.
- **Vlambaar:** Hou weg van hitte, vonke en oop vlamme.
- **Skadelik:** Mag longskade veroorsaak as dit ingesluk word.
- Voldoen aan die gebruiksaanwysings om sodoende skade aan mens en omgewing te vermy.
- Moenie bo-oor water of aangrensende gebiede spuit, of toelaat dat spuitnewel daarheen oorwaai en dit besoedel nie.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebied binne 1 dag na behandeling betree nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **SOLVO 360 CS** is sonder enige fitotoksiseitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **SOLVO 360 CS** eers op 'n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid

VOORSORGMATREËLS

- Moenie oppervlaktewater of slote met enige chemikalieë of gebruikte houers besoedel nie.
- Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Verhoed dat konsentraat en spuitmengsel met vel en oog kontak maak, asook kontak met klere.
- Dra geskikte beskermende klere (ondeurdringbare handskoene, oorpakke, oog/gesigmaskers, hoed of pet, asook soliede skoeisel) terwyl produk hanteer word.
- Was met seep en water direk na gebruik.
- Moet nie rook, eet of drink terwyl produk hanteer word nie; of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Was beskermende toerusting en besoedelde klere deeglik na gebruik.

- **Wegdoen van houer:** Spoel die leë houer drie keer uit op die volgende wyse: Keer die leë houer om oor die spuitnek of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 'n derde van die volume van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitnek voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en dit plat te slaan alvorens dit na 'n goedgekeurde chemiese afvalverwyderingsfasiliteit of gelisensieerde stortingssterrein volgens plaaslike regulasies geneem word. Indien dit herwin word, plaas die prop terug en neem die houers na die aangewese hewinningspunt. **MOET NIE** riviere met wegdoening besoedel nie. Die oopmaak, verbranding en weggooi van leë houers en die inhoud daarvan is verbode.
- Vermyn die wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en ander areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak alle toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en raak van die spoelwater ontslae waar dit nie die omgewing, gewasse, weidings, riviere en damme sal besoedel nie.
- In geval van vergiftiging, kontak 'n dokter en wys die etiket aan hom/haar.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Simptome van uitermatige blootstelling aan die aktiewe bestanddeel mag verlies van motoriese koördinasie, traanafskieding, bloederige tranen, mond- en neusuitskieding, bloeierige neus, onegalige asemhaling, opbou van speeksel, haarverlies en opgeswelde oë veroorsaak.

NOODHULPBEHANDELING

Hou die produkhouer, etiket of Veiligheidsinligtingsblad byderhand wanneer die gifbeheersentrum of geneesheer gekontak word, of wanneer vir behandeling gaan.

Oë: Spoel oë uit met genoegsame skoon water vir ten minste 20 minute terwyl ooglede oopgehou word. Indien kontaklense gedra word, verwyder dit. Verkry onmiddellik mediese hulp.

Vel: Verwyder onmiddellik alle besoedelde klere. Was met genoegsame seep en water. Verkry mediese hulp indien irritasie voorkom en aanhou. Was besoedelde klere voor hergebruik.

Ingesluk: Moet nie braking induseer nie. Moet nooit enige iets mondelings aan 'n bewuslose persoon gee nie. Indien die pasiënt ten volle by sy/haar bewussyn en wakker is, spoel die mond met genoegsame water uit en gee vir die pasiënt water om te drink. Indien braking plaasvind, hou die pasiënt se kop laer as hul heupe om aspirasie te voorkom. **Verkry onmiddellik mediese bystand en toon hierdie houer of etiket.**

Inaseming: Verskuif die pasiënt na vars lug en hou hom/haar kalm en rustig. Indien asemhaling moeilik, onreëlmatig of ophou, pas kunsmatige asemhaling toe. **Ontbied mediese hulp.**

NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel is beskikbaar nie; behandel simptome en ondersteunend.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Fitotoksiese simptome mag voorkom aangesien saailinge nie altyd 'n periode van verwelking na oorplanting ondergaan nie.
- Tydelike vergeling van die sandblare van die tabakplante mag voorkom.
- Dit is onwaarskynlik, maar fitotoksiese simptome mag op aangrensende gewasse, bome en struie voorkom a.g.v. die wegdrywing van die spuitnewel of weens die vlugtigheid van die produk. Om wegdrywing van die spuitnewel te voorkom, moet die geskikte spuitkopgroottes gebruik word om die verlangde spuitvolume teen die laagste spuitdruk te lewer. Moet nie toedien as windspoed 15 km/h oorskry nie. Moenie die spuitbalke te hoog stel nie en moenie **SOLVO 360 CS** binne 300 m van nie-teiken gewasse of naburige struie toedien nie. Om moontlike vlugtigheid te voorkom, moet die temperatuur, humiditeit en grondvog gemonitor word.
- Grond wat met organiese materiaal (stoppels) of ander voorwerpe (soos klippe) bedek is, mag die spuitdruppels onderskep en sub-standaard onkruidbeheer veroorsaak.

- Moenie **SOLVO 360 CS** onder koue toestande toedien of waar grond versadig is met oormaat vog nie.
- Verseker genoegsame grondvog.
- Moenie enige waterbron soos damme, riviere, boorgate ens. besoedel nie.

Om skade aan opvolggewasse te vermy, moet die volgende wagperiodes nagekom word:

Gewas	Maande
Kool, Pampoengewasse, Hawer, Uie en Erte	6
Mielies, Suikermielies, Koring en Grassoie	9

Nota: Die bogenoemde wagperiodes sal slegs van toepassing wees as die korrekte hoeveelheid **SOLVO 360 CS** toegedien word volgens die etiket se toedienings aanbevelings. **'n Toetsaanplanting word altyd aanbeveel.**

'n Diep ploegbewerking van die grond voordat die opvolggewas geplant word, sal die potensiële gevaar van oordraging na die volgende gewas, verminder.

- Moet nie op enige gewas of situasie aanwend wat nie in hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbetuur is **SOLVO 360 CS** 'n groepkode F3 onkruidodder. Enige onkruidpopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **SOLVO 360 CS** of enige ander Groepkode F3 onkruidodder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers as hierdie onkruidodder herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **SOLVO 360 CS** of enige ander Groepkode F3 onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde onkruidoddergroepkode.
- Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Die keuse van produkte wat in een groeiseisoen gebruik gaan word, moet die weerstandstrategie in gedagte hou.
- Hierdie gewas- en weerstandsbetuurstrategie moet altyd afwisseling van onkruidodders, met 'n ander metode van werking, insluit.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Hou rekord van onkruidodertoedienings vir elke land.
- Verhoed die verspreiding van weerstandbiedende onkruidsaad en plantegroei na ander lande deur oes- en bewerkingstoerusting skoon te maak en skoon saad te plant.
- Met beweiding moet by lande met die laagste onkruidweerstand begin word, voordat daar na lande met die hoogste weerstand beweeg word, aangesien diere die saad mag versprei.
- Alle lande moet jaarliks ondersoek word om sodoende die ontwikkeling van weerstand op 'n vroeë stadium te bepaal.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbetuur kan die registrasiehouer van hierdie produk gekontak word.

Die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid is moeilik om voor behandeling te bepaal, daarom kan nóg die Regitrasiehouer nóg die Verspreider verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade a.g.v. **SOLVO 360 CS** wat nie weerstandbiede onkruid beheer nie. Moet nie **SOLVO 360 CS** alleen toedien in situasies waar onkruidweerstand bevestig is nie. Sub-standaard toediening van **SOLVO 360 CS** sal tot onbevredigende onkruidbeheer lei wat kan help met die ontwikkeling van weerstand teen die onkruidodders. Dit is van uiterste belang om behandelde gebiede met gereelde tussenposes te inspekteer ten einde die voorkoms van onkruidodderweerstandbiedende onkruid vroeëtydig te identifiseer.

METODE VAN WERKING

SOLVO 360 CS is 'n selektiewe onkruidodder wat deur die wortels en stingels geabsorbeer word en dan opwaarts getranslokeer word. Vatbare onkruidspesies wat ontkiem, word van pigmentasie ontnem. Klomasoon inhibeer chlorofil- en karotenoïedbiosintese en is teen eenjarige grasse en sekere breëblaaronkruid effektief.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos voorgeskryf.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **SOLVO 360 CS** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat tenkmengsels gemaak word. Moet nie **SOLVO 360 CS** saam met enige produk meng wat nie op die etiket gelys is nie. **SOLVO 360 CS** is verenigbaar met **ICHIBAN 100 EW** en **ZENIT**.

Raadpleeg 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vir besonderhede.

VERMENGING EN TOEDIENINGSMETODES

SOLVO 360 CS kan met enige geskikte medium- tot hoë-volume spuittoerusting toegedien word mits dit met 'n effektiewe roeringsstelsel toegerus is en dit die spuitmengsel egalig op die teikengebied kan toedien en korrek gekalibreer is. Verseker deeglike bedekking van die teikengebied en gebruik nie minder as 200 l spuitmengsel per ha nie.

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water. Voeg die verlangde hoeveelheid **SOLVO 360 CS** by die tenkwater terwyl roering plaasvind. Vul die spuittenk tot verlangde volume terwyl aanhoudend geroer word. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Moenie brakwater gebruik nie. Spuittoerusting moet deeglik aan die einde van die toediening uitgespoel word.

Verseker konstante en deeglike roering gedurende die meng- en spuitproses.

SOLVO 360 CS het baie min kontakwerking en moet toegedien word voordat die gewasse en onkruid opgekom het.

AANBEVELINGS

GEWAS	KLEI %	DOSIS / ha	OPMERKINGS
Sojabone	11 – 20	1.5 l - 2.0 l SOLVO 360 CS	Dien met plant of binne 3 dae na plant toe op 'n goed voorbereide fyn, ferm en gelyk saadbed sonder oormatige plantreste.
	> 20	1.5 l - 2.7 l SOLVO 360 CS	
Tabak	-	1.5 l - 3.33 l SOLVO 360 CS	Dien onmiddellik na uitplant van tabaksaailinge toe terwyl die plante nog in 'n verleptoestand is. Verseker 'n goed voorbereide fyn, ferm en gelyk saadbed sonder oormatige plantreste. Moet nie direk oor die tabakplantjies toedien nie, maar voer 'n gerigte bespuiting uit.

ONKRUIDE WAT NORMAALWEG BEHEER WORD

SOLVO 360 CS teen 1.5 l / ha

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Eleusine coracana</i>	Jongosgras
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos

SOLVO 360 CS teen 2.0 l / ha

Asook al die bogenoemde onkruid:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Chenopodium album</i>	Withondebos
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Echinochloa colona</i>	Moerasgras
<i>Physalis angulata</i>	Wilde-appeliefie

SOLVO 360 CS teen 3.3 l / ha

Asook al die bogenoemde onkruid:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Portulaca oleracea</i>	Gewone porslein
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

Die aanbevole **SOLVO 360 CS** behandelings sal die bogenoemde onkruidspesies beheer. Ander onkruide wat nie teenwoordig was met die ontwikkelingsproewe van die produk nie, mag ook tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer neem geen verantwoordelikheid vir enige onkruide wat nie gelys is nie.

ERKENNING VAN HANDELSNAME

Ichiban 100 EW (L. 9248)
Zenit (L. 9073)

Meridian Agrochemical Company (Edms.)Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.)Bpk.